Radio, Uniale Diens, 25/4/61, 9.10 nm.

DIE HENDRIK VERWOERD-TRUST

(Radiopraatjie deur Prof. H.B. Thom,
Voorsitter van die F.A.K. en
Ondervoorsitter van die Trust, 24/4/61)

191.Ra.1(18)

Enige tyd gelede is daar in die pers bekend gemaak dat die Hendrik Verwoerd-Trust in die lewe geroep is. Die name van die kuratore is ook aangekondig. Sy Edele F.H. Odendaal, Administrateur van Transvaal, is die Voorsitter, en hy word bygestaan deur agt ander kuratore, onder wie die Administrateurs van Kaapland, Vrystaat, Natal en Suidwes. Wat myself betref, ek is deur die kuratore ~~tot~~ gevra om as Onder-Voorsitter van die Trust ~~ge-kies~~ te dien, en dit is in hierdie hoedanigheid dat ek graag nou een en ander oor die Trust wil meedeel.

Soos bekend is, het daar op 9 April 1960 die wrede aanslag op die lewe van ons geagte Eerste Minister plaasgevind. Dit is iets wat Suid-Afrika diep geskok het, want dit is volkome vreemd aan die beskouinge en tradisies van ~~Suidafrika~~ ons land. Dit was die eerste aanslag op die lewe van 'n Suid-Afrikaanse Eerste Minister - en ons kan seker almal bid dat soiets nooit weer in ons land sal voorkom nie.

Dr. Verwoerd was baie ernstig verwond, só ernstig dat daar daelank vir sy lewe gevrees is. Maar die Allerhoogste het hom op wonderbaarlike wyse gespaar en hom weer tot volle herstel van kragte gebring. Toe ~~hy~~ dr. Verwoerd die hospitaal verlaat het, het Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes innig dankbaar gevoel, en in menige kerkgebou en menige binnekamer het hartgrondige dankgebede opgestyg.

Dit is hierdie aangrypende gebeure wat tot die stigting van die Hendrik Verwoerd-Trust aanleiding gegee het. Die Trust is met die naam van dr. Verwoerd verbind omdat gevoel is dat tegelyk diepe dankbaarheid vir sy gespaarde lewe en warme besieling vir ander, daaruit sou spreek.

Onder .../2

Onder die Trust sal 'n groot fonds opgebou word waaruit daar van tyd tot tyd 'n toekenning, wat as die Hendrik Verwoerd-Toekenning bekend sal staan, aan die een of ander verdienstelike persoon gemaak sal word. Die Raad van Kuratore sal hierdie bekroning aan enige persoon kan verleen - uit watter taalgroep hy of sy ook al is - wat werk van werklik buitengewone waarde en van ware nasionale betekenis verrig het. Die bekroning sal ook op die hoogste vlak plaasvind: dit sal waarskynlik deur die President van die Republiek waargeneem word, en wel by 'n besondere geleentheid wat spesiaal daarvoor gereël sal word.

Die Kuratore meen stellig dat langs hierdie weg 'n eg Suid-Afrikaanse bekroning geskep sal word, iets waaraan daar vandag 'n dringende behoefte bestaan. Ons is arm aan hoogstaande kultuurbesittinge van hierdie aard. Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in Suid-Afrika het nie bekroninge van hierdie aard en hierdie gehalte nie, en ons ~~ontbeer~~ mist dus die besieling en voedende krag wat daarvan uitgaan, ontbeer

Dit is in die besef hiervan dat die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings hom verbind het om op aktiewe wyse met die insameling van fondse vir die Hendrik Verwoerd-Trust behulpsaam te wees. Die F.A.K. het reeds 'n bedrag van twee duisend rand bygedra, en hy sal hom verder op groot skaal dwaarsdeur die land vir die insameling beywer.

Ons reken op geesdriftige en ruime steun van almal wat Suid-Afrika liefhet. Want dit gaan nie hier om Afrikaanssprekende of Engelssprekende nie, maar dit gaan hier om die waardige bekroning van enigeen wat hom waarlik vir onbaatsugtige diens ~~van~~ aan Suid-Afrika en sy mense afgesloof het. Dit gaan ook nie hier om die verering of beloning van persone nie; dit gaan hier om die erkenning en bekroning van die arbeid van manne en vroue wat hulle eie persoon vergeet het maar Suid-Afrika en sy blywende belange op volgehoue, self-opofferende wyse gedien het.

Die .../3

Die lyding wat ons Eerste Minister moes deurmaak, het tot aansporing van hierdie stappe gedien. Kom laat ons mekaar help om 'n groot sukses van hierdie ~~stappe~~ plan te maak. Dan sal ons nie net vreugde in ons werk vind nie, maar dan sal ons ook - net soos hulle wat bekroon sal word - 'n dankbare diens aan Suid-Afrika lewer.

****